SLINGERVEL

Nov/Des 2018

Christelike maandblad vir die jeug

Hale 2009



SLINGERVEL, JAARGANG 60
Nommer 1003, Nov/Des 2018

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ⇨ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- ⇨ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- ⇨ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660

Aan al ons Vellie-maats!

'n Baie geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2019!

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie November
7 Totsiens, tannie Riana!
8 Blokkiesraaisel: Lukas 2
10 Woordsoek: Lukas 2
11 Rebekka word Isak se vrou
12 Kodeboodskap
14 Ballonresies
15 Oplossings –
Rebekka word Isak se vrou
Blokkiesraaisel: Lukas 2
Woordsoek: Lukas 2
16 Die agtste gebod
17 Woerwoer
18 Verjaardaghoekie Desember
22 Nommer-piramide
23 Skaapwagters
24 PomPoms
27 Wat is uitgelaat?
28 Oplossings –
Nommer-piramides
Wat is uitgelaat?
Skaapwagters
29 Wat kan ek lees?
32 Die wêreld se bekendste muis verjaar!

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R319,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
R115, 00 per jaar
(elektroniese intekening)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 60,
Nommer 1003
Nov/Des 2018

ISSN 0037 685 X

REDAKTEURSBRIEF

Maats,

Ek kon nie glo toe tannie Joey vir my sê ek moet *Slingervel* vir November en Desember 2018 regmaak nie. Die jaar is verby! Behalwe vir die eksamen sien julle seker uit na meer as 30 dae se niksdoen. Die lekkerste van alles is dat ouers nie kan vra of jy geleer het of huiswerk gedoen het nie.

As mens jouself nie besig hou nie, kan die niksdoen-dae seker baie lank word. Daarom het ons in hierdie *Slingervel* 'n paar projekte geplaas wat 'n dag of twee lekker kan maak.

Onthou dat daar in hierdie vakansie twee belangrike vakansiedae is: Geloftedag en Kersdag.

Oor Geloftedag is daar nie ooreenstemming oor watter waarde daaraan geheg moet word nie: sommige meen dat dit net vir 1838 van toepassing was, ander vier dit elke jaar.

Die mooi van Geloftedag is dat ons voorvaders met die Gelofte gewys het dat hulle die Here absoluut vertrou. Die kerk is gebou, en ons weet nog van die gelofte. Hulle het gedoen wat hulle aan die Here beloof het.

So het Mamma en Pappa ook aan die Here beloof dat hulle jou sal grootmaak as 'n kind van die Here, en hulle het ook beloof om gereeld kerk toe te gaan. Ons moet dit maar in die vakansie ook onthou.

Ons moet net nie politiek in Geloftedag inbring nie. Die gelofte is nie afgelê om 'n politieke standpunt te stel nie, maar dit was 'n groepie mense wat in 'n oorlog was en die Here vertrou het. Dis al.

Die Christusfees is iets heel anders. Jesus moes gebore word met 'n mens se liggaam. Weet jy hoekom? Eendag as Jesus terugkom, gaan jou liggaam ook by Hom wees. Ons selfde liggaam – net volmaak.

Maats, ons moet aanleer om nou reeds te leef soos ons eendag by die Here gaan leef. Daarom luister ons elke Sondag na die wet – daarin sê die Here hoe sy kinders moet leef.

Skoolwerk is deel daarvan! Hoe meer jy leer en lees, hoe meer kan jy die Here leer ken. Hoe meer kan jy leef soos iemand vir wie Jesus mens geword het.

Dis mos geloof. Onthou jy die geloofsoptelsom? Ken + vertrou + doen = ware geloof!

Ek praat weer met julle in 2019! SV

Kodeboodskap

Maats
Ek het vir julle 'n spesiale boodskap. Ontsyfer dit. Gebruik die volgende sleutel:

















Die agtste gebod

Maats,

Baie, baie jare terug het 'n dominee, ou ds. Jan Lion-Cachet, 'n boek geskryf met die titel: *Sewe duiwels en wat hulle gedoen het*. Een van die duiwels wat hy beskryf, is die *Afgunsduiwel*.

Afguns beteken dat 'n mens voel dat iemand iets beters, iets mooier of iets lekkerder as jy het. Ek het ook al so gevoel, en as daar iemand met 'n mooi kar by my verby ry, voel ek soms nou nog so.

Dink 'n bietjie wat het jou boetie, sussie, neef of niggie, of klasmaat wat jy graag wil hê … En hoe VOEL jy daaroor? Gewoonlik voel ons een of albei van die volgende:

- Jy is vies vir die persoon wat hierdie beter iets as jy het …
- Jy wonder hoe jy dit kan kry …

As mens bietjie dieper dink, wonder jy waarom die Here die ander persoon voortrek …

Daar is 'n baie, baie belangrike ding wat jy moet weet: die Here het jou nou op die aarde gesit en Hy het nou 'n werk vir jou. Miskien nou, of as jy groot is, of as jy oud is. Hy het 'n plan met jou lewe.

Om hierdie plan uit te voer, gee die Here vir jou alles wat jy nodig het. Dink maar as jy koek bak of 'n kassie bou: daar is materiaal/bestanddele, gereedskap, 'n plan en harde werk. Jy kan nie meer bestanddele/materiaal gebruik as wat die plan/resep voorskryf nie, en hoe beter jy werk met wat jy het, hoe beter die resultaat.

Kyk nou na hierdie drie maatbekers: Kom ons sê die kleintjie hou 100 ml, die middelste een 250 ml, en die grootste een 500 ml. Kom ons maak al drie vol, heeltemal vol. Só vol dat as jy nog een druppeltjie ingooi, gaan dit oorloop. Reg, dink nou bietjie mooi: Watter een van hierdie drie bekers doen sy werk, dit waarvoor hy gekoop is, die beste? Antwoord: Al drie! Nie een is beter as die ander nie.

Nou kom die afgunsduiwel na die klein bekertjie en sê vir hom: "Wens jy nie dat jy ook 500 ml kan hou nie?" Die klein bekertjie dink: "Sjoe, hy het dubbeld soveel soos ek!" Sê nou die klein bekertjie luister na die afgunsduiwel en hy gaan vat die 500 ml-beker se water, wat gaan hy daarmee maak? Die antwoord is maklik: Mors! Dis al. Hy het nie plek in sy houertjie nie, want hy is vol!

Net so moet ons dink as die ou afgunsduiwel vir jou wys dat iemand iets meer het as jy. Dink: Wat het ek? Wat kan en moet ek maak met wat ek het? Die Here gee vir jou alles wat jy nodig het. Genoeg. Nie te veel nie.

'n Laaste opmerking: Moet nooit die duiwel die skuld gee as jy iets verkeerd doen nie. Jy het geluister en gedoen wat hy gesê het – jy, nie hy nie. Wees doof vir die verkeerde dinge, en doen die regte ding! SV

n o m m e r - p i r a m i d e



Maats

So vir die vakansie ... kom ons kyk hoe flink is julle!

Hierdie piramides werk met optel en aftrek. Ek gee net van die nommers, en julle moet die res uitwerk.

Dit werk so: Die boonste nommer is die som van die sye onder hom, soos hier aangedui. Hier is 5 wat julle kan probeer. Die oplossings is op bladsy 28.











s k a a p w a g t e r s

Maats

Hoe het die skaapwagters geweet waar Jesus gebore is? Ek het Matteus en Lukas, waar die geboorte van Jesus beskrywe is, gelees. Nêrens staan hoe hulle Jesus in die krip gekry het nie – gaan lees self!

Ons weet dat die wyse manne uit die Ooste die ster gevolg het. Nie die skaapwagters nie! Kom ons help hulle om die pad Betlehem toe te kry.

Die oplossing is op bladsy 28.





OPLOSSINGS





Oplossing:
A: klein bordjie
B: klein glasie
C: suikerpot